# Kwaliteitsbeleid

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 2P_2.3 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | AVK: Vanderbijlparkkampus/Toegewese Funksie: Geïntegreerde Beplanning en Strategiese Intelligensie |
| **Beleideienaar** | Direkteur: Kwaliteitsbevordering |
| **Verantwoordelike afdeling** | Kwaliteitsbevordering |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 9 September 2021 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | Oktober 2026 |

*Direkteur: Kwaliteitsbevordering*

# KWALITEITSBELEID

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Kwaliteitsbeleid op 9 September 2021 aanvaar.

## 1 Vertolking

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 Die Statuut van die Noordwes-Universiteit soos van tyd tot tyd gepromulgeer; en

1.4 Verwante beleide en raamwerke soos uiteengesit in nasionale wetgewing, insluitende SAKO, die RHO, die HOKK[1], ander Onderwys en Opleiding-kwaliteitsowerhede en ander vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO).

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid en verwante dokumente van die NWU:

beteken **"Voorskrifte"** voorskrifte in die beleide, reëls, raamwerke, prosesse;

is **"Kwaliteitsversekering"** die aktiwiteit om bewyse te verskaf wat nodig is om vertroue by alle betrokkenes in te boesem dat die kwaliteitverwante aktiwiteite doeltreffend uitgevoer word;

is **"Kwaliteitsbevordering"** ŉ voortdurende proses van verbetering;

is **"Kwaliteitsevaluering[2]"** die sistematiese bepaling van meriete, waarde en beduidendheid van iets of iemand. Evaluering word dikwels gebruik om onderwerpe van belang in ŉ wye verskeidenheid menslike ondernemings te karakteriseer en te takseer;

is **"Kwaliteitsbestuur"** ŉ metode om te verseker dat al die aktiwiteite wat nodig is om ŉ produk of diens te ontwerp, te ontwikkel en te implementeer doeltreffend is met betrekking tot die stelsel en sy werksverrigting;

is **"Kwaliteitsbestuurstelsel"** (KBS) ŉ stelsel wat die beleide en prosedures omskryf vir die verbetering, beheer en evaluering van verskeie prosesse wat uiteindelik tot verbeterde besigheidsprestasie sal lei;

beteken **"Kwaliteitsbevordering"** aanmoediging van die ontwikkeling en handhawing van kwaliteitstandaarde; en

verwys **"Kwaliteitsreëls"** na reëls ter ondersteuning van kwaliteitsbevordering soos goedgekeur en gewysig deur die Raad.

[1] Hoëronderwys-kwaliteitskomitee

[2] Op die gebied van evaluering is daar meningsverskille oor die verskil tussen die terme evaluering, hersiening (oorsig) en assessering. Vir die doeleindes van hierdie beleid word hierdie terme as uitruilbaar beskou.

## 3 Reëls vir die bevordering van Kwaliteit

3.1 Die Universiteitsbestuurskomitee (UBK) moet reëls aanvaar in ooreenstemming met hierdie beleid vir die bevordering van kwaliteit in al die aktiwiteite van die Universiteit.

3.2 Reëls gemaak deur die UBK vir die bevordering van akademiese kwaliteit is onderhewig aan die goedkeuring van die Senaat.

## 4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat –

4.1 die bestuur van die Universiteit voortdurende kwaliteitsbevordering moet bevorder, en ŉ kultuur van deurlopende verbetering moet kweek;

4.2 selfgedrewe kwaliteitsversekering, kwaliteitsbevordering en eksterne kwaliteitsevaluering aanvaar moet word as kernwaardes vir die uitvoering van alle akademiese en ondersteuningsdiensfunksies van die Universiteit;

4.3 omstandighede deur bestuur geskep moet word om die onderrig, leer, navorsing, gemeenskapsbetrokkenheid en/of implementering van kundigheid van die Universiteit te verseker en te verbeter;

4.4 die reëls waarna verwys word in paragraaf vier moet voorsiening maak vir doeltreffende en funksionele reëls (wat toepasbaar is), prosesse en prosedures met ŉ spesifieke fokus op -

4.4.1 die totstandbrenging en ontwikkeling van ŉ kwaliteitsversekeringskultuur in die akademiese sowel as die ondersteuningsdiensdomein van die Universiteit;

4.4.2 die bevordering van kwaliteitsversekerings- en -verbeteringsaksies op institusionele, kampus-, fakulteits-, skool-, program-, vak- en ondersteuningsdepartementvlak;

4.4.3 die bevordering van werknemers in die ontwikkeling, implementering en uitvoering van kwaliteitsversekeringstelsels, -prosesse, -prosedures en -meganismes;

4.4.4 die monitering en evaluering van die kwaliteitsversekeringsaksies binne alle funksionele eenhede van die NWU;

4.4.5 die monitering van institusionele kwaliteitsversekeringsaanspreeklikheid soos deur die wet vereis; en

4.4.6 volle deelname deur die NWU aan die nasionale evaluerings en institusionele kwaliteitsoudits onderneem deur die RHO, die HOKK en ander Onderwys en Opleiding-kwaliteitsowerhede.